# Hoe lees mens die Bybel reg?

Die Bybel is vandag in die spervuur. Die voorbladopskrif van die tydskrif Time (18 Desember 1995) is verteenwoordigend van die hedendaagse twyfel oor die Bybel: *Is the Bible fact or fiction?* Briewe in koerante se briewekolomme en die kommentaar wat mense op die internet lewer toon 'n groeiende tendens tot bevraagtekening van die Bybel en Bybelse waarhede. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat ons as gereformeerde gelowiges vir onsself duidelikheid oor ons Skrifbeskouing kry.

Die Bybel is egter nie net t.o.v. sy aard in die spervuur nie, maar ook t.o.v. sy interpretasie. Op die vraag: "Hoe moet ons die Bybel sien?" volg die vraag: "Hoe moet ons die Bybel verstaan?" Rondom die twee sake van Skrifbeskouing en Skrifverstaan loop die paaie hier te lande toenemend uiteen.

Die tweede vraag is die onderwerp van hierdie referaat. Dit is 'n kort vraag met 'n lang antwoord. Dit is 'n eie wetenskap wat een of selfs meer jare aan 'n teologiese fakulteit bestudeer word. Ek sou dus akademiese sonde pleeg om dit in 'n bestek van 45 minute te probeer behandel. Ek kan slegs met 'n baie breë kwas die buitelyne van die saak soos dit op hierdie spesifieke seminaartema van toepassing is, skilder.

In die hantering van my onderwerp gaan ek van die aanname uit dat my onderwerp deel van 'n seminaarpakket is. Waar dr. Bogaards die saak van Skrifbeskouing hanteer het en ek die saak van Skrifverklaring aan die orde gaan stel, aanvaar ek dat volgende sprekers daarop sal voortbou deur die implikasies daarvan vir die seminaartema uit te spel.

## 1. Skrifverstaan en Skrifbeskouing loop hand aan hand

'n Mens se verstaan van die Skrif gaan jou verklaring daarvan bepaal. Ons siening van die Skrif word in artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) bely: "Al hierdie boeke alleen neem ons aan as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te reël, daarop te grond en daarmee te bevestig" (NGB art. 5). Met "hierdie boeke" word die 66 boeke wat ons in die Bybel saamgebundel vind, bedoel.

### 1.1. Die Bybel is die openbaring wat van God kom

Hierdie boeke is deur die loop van ongeveer 1500 jaar deur verskillende skrywers in verskillende tye en bedelings van die heilsgeskiedenis geskryf. Daarmee erken gereformeerdes die menslike aandeel in die totstandkoming van die Bybel. Die skrywers was nie masjiene wat soos 'n bandopnemer maar net neergepen het wat God gedikteer het nie. Hulle het elk hul eie persoonlikheid gehad, hul eie talente, eie skryfstyl, eie opvattinge, ens. Hulle het ook elk in hul eie tyd gelewe. Gereformeerdes hou in die uitleg van die Bybel dan ook deeglik rekening met die menslike faktor in die Bybel. Die kultuur en tydsomstandighede waarin God se boodskap tot die eerste hoorders en lesers gekom het, speel 'n belangrike rol in die verstaan daarvan vandag[1]. Ook die bedeling van die heilsgeskiedenis waarin die skrywer opgetree het, moet ernstig geneem word. (Bv. was dit voor of na die verbondsluiting by Horeb, voor of na die ballingskap, voor of na Christus se koms, ens.)[2] Verder moet die literatuursoort wat die skrywer gekies het (bv. geskiedskrywing, verhaal, gedig, ens.), in gedagte gehou word.

---

[1] In hierdie verband kan ons praat van die kultuur- of tydgerigtheid van die Bybel, wat iets totaal anders is as 'n kultuur- of tydgebondenheid. Eg. wil sê dat die boodskap van God tot mense in 'n bepaalde kultuur en tyd gekom het, maar nie tot daardie kultuur of tyd beperk is nie. Lg. wil sê dat die boodskap in 'n bepaalde Skrifgedeelte tot daardie kultuur of tyd beperk is en eintlik nie meer vir ons vandag geld nie.

[2] Ons sê die boodskap moet heilshistories verstaan word. Ons kan bv. nie op dieselfde manier getuies vir Christus wees soos die eerste dissipels nie (vgl. Hand. 1:8). Hulle was immers oor- en ooggetuies – ons nie.


Alhoewel mense die verskillende boeke van die Bybel geskryf het, is dit ten diepste God wat aan die woord is in die Bybel. Wat geskryf moes word, het Hy aan die mense geopenbaar. Hy is die primêre Outeur en die Bybelskrywers slegs die sekondêre outeurs. Die Skrif self getuig duidelik hieroor: In 2 Tm 3:16 leer die Here uitdruklik dat die "hele Skrif" deur God "ingegee" is. Die woord "ingegee" of "geïnspireer" beteken letterlik "deur God geadem/ingeblaas". Hý het dus dit wat Hy wou gehad het hulle moet neerpen, in hulle harte en gedagtes gelê. Ook 2 Petr. 1:21 is duidelik: "deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." Daarom kan ons sê dat die Bybel die openbaring is van die Drie-enige God, m.a.w. 'n openbaring wat ván Hom kom.

**1.2. Die Bybel is die openbaring wat oor God handel**

Dit gaan in die Bybel in die eerste en laaste plek oor God se Selfopenbaring. Dit is dus nie net 'n Woord wat ván Hom kom nie, maar ook 'n Woord wat óór Hom handel. Hý is die inhoud van die Bybel. Hy het Hom in sy dade in die geskiedenis geopenbaar, maar ook in die woorde wat aangaande sy dade getuig. Die hoogtepunt van sy Selfopenbaring is sy eniggebore Seun, Jesus Christus, ons Here. Ons verstaan dan ook dat Christus die diepste bedoeling van die Skrifte is. Christus self openbaar dat die geskrifte van die OT op Hom betrekking het. In Jh. 5:39 sê Hy in sy gesprek met die Jode dat dit juis die Skrif is wat oor Hom getuig. En in Lk. 4:21 sê Hy met verwysing na Jes. 61:1-2 en 58:6: "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul." In Lk. 24:44 dui die opgestane Jesus die kruisgebeure aan as die vervulling van "alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms …" Die Bybel het dus 'n trinitariese gerigtheid met 'n Christologiese swaartepunt.

**2. Skrifverstaan behels 'n vertolkingsreis**

J. Scott Duvall en J. Daniel Hays dui in hulle boek *Grasping God's Word* aan dat die proses om die Bybel te verstaan met 'n reis vergelyk kan word. Hulle verduidelik die reis aan die hand van 'n illustrasie. Die doel van die reis word duidelik omskryf: "… our goal is to grasp the meaning of text God has intended. We do not create meaning out of a text; rather, we seek to find the meaning that is already there" (2012:41).




In breë trekke bestaan die reis uit die volgende stappe:

## 2.1. Verstaan die teks in hulle stad

Hierdie reis begin in die wêreld van die Bybel met die vraag: Wat het die teks vir die Bybelse gehoor (die eerste hoorders/lesers) beteken? Die teks moet gelees en herlees word met die oog daarop om soveel as moontlik besonderhede van die teks waar te neem. Woorde moet ontleed en sinskonstruksies bestudeer word. Die historiese en literêre kontekste moet aandag ontvang. Uiteindelik moet die betekenis vir die Bybelse gehoor in een of twee sinne opgesom word.

## 2.2. Bepaal die breedte van die rivier wat oorgesteek moet word

Wanneer die betekenis van die teks vir die Bybelse gehoor bepaal is, moet die breedte van die rivier wat ons wêreld van die Bybelse wêreld skei, gemeet word. Watter verskille bestaan tussen die Bybelse gehoor en ons? Ons word van die Bybelse wêreld geskei deur verskille in taal, kultuur, tyd, omstandighede, heilsbedelinge, ens. Hierdie verskille vorm 'n rivier wat verhinder dat ons die betekenis van die teks vir die eerste hoorders/lesers net so op ons van toepassing kan maak. Die breedte van die rivier hang van die bepaalde teksgedeelte af. Soms vloei die rivier baie wyd sodat 'n lang brug gebou moet word ten einde die rivier oor te steek. Ander kere is dit 'n smal stroompie waaroor ons maklik kan spring.

## 2.3. Steek die brug van beginsels oor

Nadat die breedte van die rivier bepaal is, moet 'n brug van beginsels gebou word om die rivier oor te steek. Om dit te doen, moet ons die vraag beantwoord: Wat is die teologiese beginsel(s) in die teks? In die bepaling van die beginsel moet nie net die verskille nie, maar ook die ooreenkomste tussen die situasie van die Bybelse gehoor en ons in berekening gebring word. 'n Breë teologiese beginsel moet geïdentifiseer word wat verband hou met die ooreenkomste tussen ons en die Bybelse gehoor. Om die beginsel te bepaal is in wese dieselfde as om die hoof teologiese gedagte van die teks te identifiseer. Die Bybelleser moet met die teks worstel totdat die hoofgedagte/beginsel tevoorskyn kom "clear and lucid as a cloudless moon" (JH Jowett, soos aangehaal deur Stott 1982:226)

## 2.4. Raadpleeg die Bybelse kaart

Voordat die Bybelverklaarder die beginsel(s) in sy lewe toepas, moet hy eers die Bybelse kaart bestudeer: Is die teologiese beginsel(s) wat jy op grond van die teksgedeelte bepaal het, in pas met die res van Bybel? In hierdie stap word tussen die teks en die res van die Skrif heen-en-weer beweeg. As jou bepaling van die beginsel geldig is, behoort dit met die res van die Skrif ooreen te stem. Hierdie stap is van besondere belang wanneer 'n Ou Testamentiese gedeelte bestudeer word. Die beginsel in 'n Ou Testamentiese teks bepaal, moet deur die sif van die Nuwe Testamente gegooi word om te bepaal in watter mate die Nuwe Testament die beginsel aanvul of aanpas. Dit mag beteken dat die bewoording van die beginsel aan die einde van hierdie stap aangepas sal moet word ten einde die insigte van die res van die Skrif te verreken.

## 2.5. Verstaan die teks in ons stad

Die reis eindig uiteindelik in ons wêreld met die vraag: Hoe moet elke indiwiduele Christen die teologiese beginsel vandag in sy/haar spesifieke situasie toepas? Aangesien Christene se omstandighede verskil, beteken dit dat elkeen dieselfde teologiese beginsel op 'n manier sal uitleef wat by sy/haar unieke omstandigheid pas.

Wanneer ons hierdie vertolkingsreis met die vraag na die rol van vrouens in die kerk van Christus aanpak, kom ons voor twee belangrike sake te staan: Het vroue in die Bybelse tyd in die ouderlingamp gedien? Konstitueer die antwoord op dié vraag 'n teologiese beginsel waarmee ons die brug na ons tyd kan oorsteek? In die beantwoording van dié vrae is daar 'n belangrike aspek van Skrifverstaan wat ons in gedagte moet hou.

**3. Skrifverstaan hou deeglik met die eenheid van die Skrif en sy boodskap rekening**

Bg. stelling is 'n basiese uitgangspunt wat die Bybelverklaarder op sy ganse vertolkingsreis vergesel. God het in sy alwysheid besluit om sy openbaring aan ons in die vorm van een groot geskiedkundige verhaal te giet. Hierdie openbaringsgeskiedenis is progressief van aard. Die Heidelbergse Kategismus dui ook daarop wanneer dit in vraag en antwoord 19 bely dat God "die heilige Evangelie … self eers in die paradys geopenbaar het en daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf laat afbeeld het en eindelik deur sy eniggebore Seun vervul het". Die lig in die paradys geopenbaar het deur die ontvouende openbaringsgeskiedenis al helderder geskyn totdat dit in Christus Jesus in sy volle glans ontsluier is.

Omdat die Bybel van begin tot einde van God kom en oor Hom gaan, vorm die Bybelboeke 'n wonderlike eenheid ten spyte van die feit dat dat dit deur verskillende skrywers in verskillende tye en omstandighede geskryf is. Dit beskryf immers die een openbarings- en verlossingsgeskiedenis wat met die skepping begin het en met die wederkoms van Christus sy voltooiing sal vind. Daarom is die Ou en Nuwe Testament ook gelyk. Die een is nie belangriker as die ander nie en kan ook nie sonder die ander verstaan word nie. Daar is 'n wisselwerking tussen die twee: Die OT wys vooruit na die NT en die NT wys terug na die OT. Augustinus het dit mooi verwoord: *Novum Testamentum in Vetere latet, Vetus Testamentum in Novo patet* ("Die Nuwe Testament lê in die Oue verberg, die Ou Testament lê in die Nuwe geopenbaar"). Die twee Testamente kan nooit van mekaar losgemaak word nie. Dit is God se één boek.

Die Bybel as Woord óór God is 'n woord oor Hom in sy verhouding tot die mens. Die Bybel noem hierdie verhouding God se verbond met die mens. Hierdie verbondsgedagte kom nie van die mens nie. Die Skrif openbaar dat die Drie-enige God besluit het om die mens te skep en met hierdie mens in 'n vaste verhouding te tree. Die verbond het sy oorsprong dus in die Raad van God. Hoewel die verbond 'n bo-historiese oorsprong het, neem dit verskillende gestaltes aan wanneer dit in die tyd beslag kry. Die verbond maak dus 'n geskiedenis deur. Dit is één verbondsgeskiedenis met verskillende fases of tydperke. En hierdie één geskiedenis met sy verskillende tydperke word in die Bybel beskryf.

Omdat die Bybel oor God in sy verhouding tot die mens handel, is dit 'n boek waarin God se verlossing sentraal staan. Die Bybel teken immers vir ons die mens wat volmaak geskape is, maar teen sy Skepper in opstand gekom het, onder Sy oordeel leef en dus verlossing nodig het. Die Bybel is dus soos 'n drama wat ons in Gén 3 voor die dilemma plaas: Hoe kan die heilige God en die sondige mens se verhouding weer herstel word? Gén 3:15 gee die antwoord: net deur die verlossing wat God self sal bewerk. In die res van die OT bou die spanning oor die beloofde en verwagte verlossing op totdat dit in die koms, lewe, lyding, sterwe en opstanding van Christus sy ontknoping vind. Maar, God is nog nie klaar met sy verlossingsplan nie! Die Bybel leer ons dat die verlossing eers voltooi sal wees met die wederkoms van ons Here Jesus Christus (vgl. Rom 8:18-23; Heb 9:27-28). Die Bybel is daarom 'n boek wat ons wil troos en laat moed skep. Ons kan seker wees dat God sy verlossingsplan sál uitvoer. Die geskiedenis wat in die Bybel opgeteken is, wys dat niks Jesus se eerste koms kon verhoed nie. Niks kan ook sy tweede koms (en dus ons finale verlossing) keer nie. En so is die Bybel dus die Groot Verhaal van God se verlossingplan waarin die eerste en tweede koms van Christus sentraal staan. Die Ou Testament lê getuienis af aangaande die Christus wat moet kom. Die Nuwe Testament lê getuienis af aangaande die Christus wat gekom het … en wéér sal kom.

Met hierdie uitgangspunt neem gereformeerdes standpunt in téén die liberale teologie wat die diversiteit van die Bybel ten koste van sy eenheid beklemtoon. Dit het praktyk geword om na die verskillende teologieë in die Bybel te verwys en aan te dui hoe hulle in botsing met mekaar is. Die onderskeid tussen Ou en Nuwe Testament word sodanig oorbeklemtoon dat die Ou Testament uiteindelik gedegradeer word tot die getuienisse van vergane kulture se geloofservaringe. Sommige beskou dit selfs bloot as 'n interessante boek oor die leefwêreld en leefwyse in antieke tye. Soos Schmeling (http://www.bible-researcher.com/schmeling.html) aandui het hierdie Marcionitiese benadering selfs behoudende seminariums en teologiese fakulteite beïnvloed. Die gevolg is 'n eksegese van die Ou Testament wat in isolasie van die Nuwe Testamentiese vervulling beoefen en geleer word.

Hierdie radikale skeiding tussen Ou en Nuwe Testament het implikasies vir die onderhawige onderwerp. Male sonder tal word die Nuwe Testamentiese uitspraak dat daar in Christus geen onderskeid meer tussen man en vrou is nie (Gal 3:28), misbruik om die Ou Testamentiese klem op sodanige onderskeid te relativeer. Daardeur word die eenheid van God se werke in gedrang gebring. 'n Skerp skeiding word immers tussen God se skeppings- en verlossingswerk gemaak: Die skeppingsordening rakende die primaat van die man in sy verhouding tot die vrou word deur die verlossingswerk opgehef.

So kan ons nie met God se openbaring omgaan nie. Wie die Bybelse lering oor die rol van man en vrou wil verstaan en in besonder die rol van die geslagte in die kerklike bediening, moet die totale Skrif in berekening bring. Ons bely immers nie net die *sola* nie, maar ook die *tota Scriptura*: Die Skrif alleen én volledig vorm die basis vir ons beginselbepalings.

Die gereformeerde belydenis aangaande die eenheid van die Bybel is bepalend vir ons Skrifinterpretasie. Elke gedeelte in die Skrif vorm deel van die totale openbarings- en heilsgeskiedenis. Dit het praktiese implikasies vir die opstel van interpretasiereëls vir die verskillende literêre genres van die Bybel. T.w.v. die tyd en met die oog op die seminaartema wil ek by net een genre stilstaan.

**Historiese stowwe**

Volgens geleerdes is meer as 40% van die Ou Testament geskiedskrywing. Dit kom dit in al drie dele van die Hebreeuse Skrifte voor: In die *Thora* (ook genoem die wet, d.i. eerste vyf boeke van die Bybel) is dit veral Genesis, Exodus en Numeri; in die *Profete* is dit hoofsaaklik Josua, Rigters, Samuel, Konings en Jona, en in die *Geskrifte* word geskiedenis gevind in Kronieke, Esra, Nehemia, Rut, Ester en Daniël. In die Nuwe Testament is dit die evangeliebeskrywings sowel as die boek Handelinge wat hoofsaaklik geskiedenis beskryf.

Hierdie historiese stowwe word in die verhalende of narratiewe vorm aangebied. Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) beskryf die narratief só: "Mondelinge of geskrewe beskrywing, relaas, verslag of vertelling van gebeure, of kommentaar daaroor, dikw. chronologies en met 'n beskrywing v.d. karakters wat betrokke is." 'n Bybelse narratief is 'n vertelling van geskiedkundige gebeurtenisse maar met 'n duidelike teologiese doel. Dit beskryf gebeurtenisse en die karakters daarby betrokke op so 'n wyse dat dit 'n duidelike begin en 'n einde het.

In sy vertelling maak die Bybelse verteller 'n keuse uit die historiese stof op grond van die teologiese bedoeling wat hy met sy vertelling het. Bybelse geskiedkundige vertellings verskil van die manier waarop ons vandag geskiedenis weergee. Vandag lê die klem op die korrekte en omvattende weergawe van al die feite. Die Bybelse verteller wou egter met sy vertelling 'n boodskap oordra. Hierdie boodskap het bepaal watter feite hy insluit en watter hy weglaat. Bybelse geskiedkundige vertellings was dus eintlik "preke". Deur die geskiedkundige vertellings het God Homself geopenbaar.

Hierdie geskiedkundige vertellings kan as die belangrikste literatuursoort in die Bybel beskryf word. Ons het vroeër daarop gewys dat die Bybel as 'n geheel op 'n narratiewe raamwerk gebou is.

Die Bybelse narratiewe vertel die geskiedenis op drie vlakke. Dit kan grafies só voorgestel word:

**Boonste vlak**
Die totale openbarings- en heilsgeskiedenis van skepping tot herskepping
*(Sluit in: skepping, sondeval, verdorwenheid van die mens, behoefte aan verlossing, vleeswording van Christus, wederkoms, ens.)*

**Middelste vlak**
Die geskiedenis van Israel, Christus, die kerk
*(roeping van Abraham,aartsvaders,verslawing in Egipte, uittog,intog,afvalligheid van Israel,ballingskap,terugkeer en herstel,Christus se omwandelinge,gebeure in Handelinge, ens.)*

**Onderste vlak**
Die indiwiduele episode
*(Bv. skepping van man en vrou, aanwysing van 70 oudstes, Dawid se geveg teen Goliat, ens.)*

Elke indiwiduele Bybelse episode (onderste vlak) is deel van die groter verhaal van Israel se geskiedenis, Christus se menswording, ens. (middelste vlak) wat op sy beurt weer deel is van die hoofverhaal van God se skepping en verlossing (boonste vlak). Elke episode in die Bybelse geskiedenis moet dus met die totale openbarings- en heilsgeskiedenis in verband gebring word. Dit geld veral van die Ou Testamentiese vertellings. Die vraag moet gevra word hoe elke episode bydra tot die ontvouing van God se openbaring aangaande Homself en sy groot verlossingsplan in Christus.

Hierdie openbaring is progressief van aard, m.a.w. elke nuwe tydperk in die openbaringsgeskiedenis bou voort op die openbaring in die vorige terwyl dit terselfdertyd die grondslag vir die openbaring in die volgende lê. Wat in 'n voorafgaande tydperk geopenbaar is, word nie 'n 'n volgende tydperk herhaal nie, juis omdat dit op die voorafgaande bou.

Hierdie waarheid werp lig op die feit dat God oënskynlik baie meer gegewens in die Ou Testament gee oor die rol van man en vrou, die verhouding tussen ouers en kinders en die inrigting van die gesinslewe as in die Nuwe Testament. Dis omdat dit wat Hy daaroor in die Ou Testament geopenbaar het, ook vir die Nuwe Testamentiese bedeling van krag bly. Wat in die Nuwe Testament daaroor gesê word, sluit aan by en bou voort op dit wat in die Ou Testament geopenbaar is. Daar is dus bepaalde trajekte in die Skrif gegee wat deur die Bybelverklaarder blootgelê moet word.

Ter afsluiting wys ek op enkele tersaaklike verse in Ou en Nuwe Testament wat na my mening 'n bepaalde trajek t.o.v. die regeeramp aandui:

| Ou Testament | Nuwe Testament |
|---|---|
| Gen 2:7 En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas … <br><br> Gen 2:22 En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens. | 1Ti 2:12 Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. <br><br> 1Ti 2:13 Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. |

| | |
|---|---|
| Num 11:16  Toe sê die HERE aan Moses: Bring vir My sewentig manne uit die oudstes van Israel bymekaar, van wie jy weet dat hulle oudstes van die volk en sy opsigters is, en bring hulle by die tent van samekoms, dat hulle daar by jou kan staan. | Tit 1:5  Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het—<br><br>Tit 1:6  as iemand onberispelik is, die man van een vrou, gelowige kinders het wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugteloos is nie. |

## Enkele van die geraadpleegde werke


Bartholomew, CG & Goheen, MW 2004. *The drama of Scripture. Finding our place in the Biblical story*. Grand Rapids: Baker Academic.

Duvall, JS & Hays, JD 2012. *Grasping God's Word. A hands-on approach to reading, interpreting and applying the Bible*. Grand Rapids: Zondervan.

Fee, GD & Stuart, D 2003. *How to read the Bible for all its worth. A guide to understanding the Bible*. Third edition. Grand Rapids: Zondervan.

Goldsworthy, G 1991. *According to plan. The unfolding revelation of God in the Bible*. Leicester: Inter-varsity Press.

Schmeling, GR (http://www.bible-researcher.com/schmeling.html)

Stott, J 1982. *I believe in preaching*. London:Hodder & Stoughton.